GEDIG 1

## KERSVADER

**MIKA STANVLIET**



Liewe Kersvader,
my hart se grootste wens
is dat my mamma en my pappa
weer terug sal kom na my.

Ek is tog so alleen,
hier in die weeshuis
die dagmoeder hier is naar met my
en laat ons hard in die tuin werk.

Ek kan dit nie meer hou nie, Meneer,
ek sukkel tog so vreeslik.
Dit is nie vir my lekker nie
my kop is altyd seer.

Sy gee nie vir ons medisyne nie,
Kersvader asseblief,
ek hou nie van die huisie nie
ek en Marie, Anthon en Annie.

Kom haal ons Kersvader, ek vra mooi
ek wil tog graag ook weet
hoe voel dit om 'n mamma te besit
en myself in rokkies op te tooi.

Want hier dra ons net grys klere,
en almal werk so hard.
Ons gaan nie skool nie, Kersvader,
ons lewe heeltyd diep in smart.

Ek vra tog mooi, o Kersvader, ek belowe,
kom haal net vir my en my maatjies
ons wil net wegkom hier
want als wat lekker is, is verbode.

Kersvader, al wat ek wil hê vir Kersfees,
is 'n mamma en 'n pappa,
want hulle kan ons help
om te kan skryf en lees.

Maak ons almal tog bly
ek vra so mooi, Kersvader,
laat ons almal ook 'n Kersfees kry
vol lag, gesels en lekkerkry.



## Woordeskat binne konteks en Gebruik van Persoonlike Woordeboek

Leer die volgende woorde en verbreed jou woordeskat.

Skryf daarna al die nuwe woordeskat wat jy geleer het in jou **Persoonlike Woordeboek** neer.

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| Kersvader | Santa/Father Christmas |
| liewe | dear |
| wens/hoop | wish/hope |
| weer | again |
| terug | back |
| tog | yet/even though |
| alleen | alone |
| weeshuis | orphanage |
| dagmoeder | day mother |
| tuin | garden |
| kan dit nie meer hou | can take it any more |
| sukkel | struggle |
| altyd | always |
| seer | sore |
| medisyne | medicine |
| asseblief | please |
| skryf | write |
| lees | read |
| lag | laugh |

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| kom haal vir ons | come fetch us |
| ek vra mooi | I'm asking nicely |
| ek wil dit graag hê | I really want it |
| weet (something) | know |
| besit | to have |
| rok/rokke | dress/dresses |
| rokkies | little dresses |
| om op te tooi | to posh up |
| want/omdat | because |
| die lewe | life |
| heeltyd/altyd | always |
| smart | suffering |
| belowe (verb) | promise |
| belofte (noun) | promise |
| wegkom | get away |
| verbode | not allowed |
| smag/verlang/hunker | to long for |
| Ek wil 'n dokter word. | I want to become a doctor |
| lekkerkry | enjoy |

**VRAE:**

1. Wat is die titel van hierdie gedig?
2. Wie is die digter/es van hierdie gedig?
3. Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
4. Uit hoeveel versreëls bestaan elke strofe?
5. Hoe noem ons sulke strofes?
6. Verwys na strofe 1.
   6.1. Wat is die rymskema van strofe 1?
   6.2. Wat soort rympatroon is daar in strofe 1 en in die hele gedig?
7. Wat is die verteller se grootste wens?
8. Hoekom voel die verteller eensaam?
9. Hoe is die dagmoeder teenoor die weeskinders in die weeshuis? Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan as antwoord.
10. Watter werk word die kinders gegee om te doen?
11. Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat aandui dat die werk wat hulle moet doen, <u>nie maklik</u> is nie.
12. Sê in jou eie woorde wat 'n "weeshuis" is.
13. Die dagmoeder <u>raak baie bekommerd</u> as die verteller-hulle siek is of 'n hoofpyn het. Haal 'n VERSREËL uit strofe 4 aan wat aandui dat die bostaande stelling ONWAAR is.
14. Die verteller is nie die enigste een wat nie van die weeshuis hou nie. Haal SES AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit strofe 4 aan wat bewys dat hierdie stelling WAAR is.
15. Haal EEN WOORD uit strofe 5 aan wat aandui dat die verteller <u>'n meisie</u> is.
16. Gee VIER redes uit strofe 6 hoekom die verteller vir Kersvader vra om hulle te kom haal.

## AFDELING B: TAAL

### VRAAG 2 - PRENT

Kyk na die onderstaande prent en voer elke keer die instruksies noukeurig uit.



2.1 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Die leerders is (by die skool/baie gelukkig/vandag).

Begin so: Die leerders ... (1)

2.2 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die meisie werk baie hard. (1)

2.3 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die leerders eet hulle toebroodjies gedurende die pouse. (1)

2.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die seun werk vinnig. Hy is 'n baie slim kind. (omdat) (1)

2.5 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hulle sit stil op die stoele. (1)

2.6 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die (potlood) waarmee hulle skryf, is skerp. (1)

2.7 Gee elke keer die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

2.7.1 Die meisie is (mooi). (1)

2.7.2 Haar werk is nie gedoen nie, want sy is (lui). (1)

2.8 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die volgende woorde tussen hakies.

2.8.1 Die seun is (groot) as die meisie. (1)

2.8.2 Sy is die (mooi) meisie in die wêreld. (1)

**[10]**

### VRAAG 3 - SPOTPRENT

Lees die spotprent aandagtig deur en voer elke keer die instruksies noukeurig uit.



3.1 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die (hond) word lekker deur die oom gekrap. (1)

3.2 Skryf die GETAL tussen hakies voluit neer.

Daar is (20) minute oor voor halftyd. (1)

3.3 Skryf die volgende sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Die tannie was besig om die gras te sny. (1)

3.4 Gee die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

3.4.1 Die rugby word (Saterdag) uitgesaai. (1)

3.4.2 Die tannie sny die gras (met ander woorde), sy doen die man se werk. (1)

3.5 Vul die weggelate VOORSETSELS in.

3.5.1 Die man sit _____ die bank en televisie kyk. (1)

3.5.2 Die oom gaan _____ die moeilikheid wees. (1)

3.6 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die oom kyk heel dag lank rugby. Die tannie word baie kwaad vir hom. (dus) (1)

3.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die oom se (blikkie) lê op die vloer. (1)

3.8 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die tannie het baie vriende. (1)

3.9 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Iemand help die tannie. (1)

3.10 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

3.10.1 Die (voordeel) is dat die werk meer raak. (1)

3.10.2 Die man het (onthou) om die muur klaar te verf. (1)

3.11 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die tannie is (moeg) gewerk. (1)

3.12 Verbeter die SPELLING van die woord tussen hakies.

Die oom het 'n Springbok - (rugbytrei) aan. (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**GROOTTOTAAL : 40**

## Middagete by die skool



**Toebroodjies**
Brian eet sy toebroodjies.
Op die een toebroodjie is polonie.
Op die ander een is **botter** en **stroop**.
Op die derde toebroodjie is **kaas**.

**Vrugte**
Lerato is lief vir vrugte.
Sy eet appels, **piesangs**, **pere**,
**lemoene**, pynappel en **koejawels**.
Pere is **soet**, maar **suurlemoene** is **suur**.

## Aandete



**Vleis**
Lungile hou van vleis.
Hy eet graag **hoender**.
Sy pa braai **skaaptjops** oor die kole.
Sy ma eet graag pap en **wors**.

**Groente**
Sonja hou van groente.
Haar ma kook graag **pampoen**, **patats**,
**aartappels**, **kool** en **spinasie**.
Sy maak slaai van wortels en **kropslaai**.

### Woordeboek

| | | |
|---|---|---|
| **aartappels:** potatoes | **botter:** butter | **groente:** vegetables |
| **hoender:** chicken | **kaas:** cheese | **koejawels:** guavas |
| **kool:** cabbage | **kropslaai:** lettuce | **lemoene:** oranges |
| **pampoen:** pumpkin | **patats:** sweet potatoes | **pere:** pears |
| **piesangs:** bananas | **skaaptjops:** mutton chops | **soet:** sweet |
| **spinasie:** spinach | **stroop:** syrup | **suur:** sour |
| **suurlemoene:** lemons | **toebroodjies:** sandwiches | **vrugte:** fruit |
| **wors:** sausage | | |



## 2. Lekker plekke



**Slaapkamer**
Hier is my slaapkamer.
Ek slaap op 'n bed onder 'n **kombers**.
Ek lê met my kop op 'n **kussing**.
Langs my bed is 'n **leeslamp**.
Voor die **venster** hang 'n geel **gordyn**.
Teen die muur is 'n **klerekas met laaie**.

**Sitkamer**
Ek hou van die sitkamer.
Ek kyk TV daar.
Daar is 'n **rusbank** en **stoele**.
Daar is 'n **tapyt** op die **vloer**.
Op die **tafel** is 'n **blompot**.
Daar is **prente** teen die muur.



**Kombuis**
My ma is baie in die **kombuis**.
Daar is 'n **opwasbak** met **krane**.
Ons was **skottelgoed** in die opwasbak.
Die **yskas** hou die kos koud.
Daar is 'n **ketel** en 'n **broodrooster**.
Sy kook lekker kos op die **stoof**.

**Motorhuis**
My pa werk graag in die **motorhuis**.
Sy **gereedskap** hang teen die muur.
Daar is 'n **hamer**, 'n **saag** en 'n **boor**.
Hy het altyd iets wat hy moet regmaak.
Niemand moet hom hier pla nie.

*(Woordeboek op bladsy 8.)*

## Inleiding:

# Lekker sinne en woorde

- Gesels met 'n maat oor wat jy in die prente sien. Julle kan dit in enige taal doen. Soek dan die Afrikaanse woorde vir die woorde wat julle gebruik het in die woordeboek onderaan die blad. Maak beurte om die sinne hardop te lees.
- Soek die woorde wat jy nie ken nie in die woordeboek onderaan die bladsy.
- Vertel dan vir mekaar wat julle in die prente sien.
- Wat is die vetgedrukte woorde in jou huistaal?

## 1. Lekker kos

### Ontbyt







**Pap**
Mulalo **hou** die meeste **van** pap.
Sy ma kook die pap in 'n pappot.
Sy skep sy **bord** vol pap.
Hy gooi **melk** en **suiker** oor sy **pap**.
Hy eet die pap met 'n **lepel**.

**Spek en eiers**
Anita hou van spek en eiers.
Anita se ma bak dit in 'n pan.
Haar ma **skep** die kos in 'n bord.
Sy gooi **sout** en peper oor die eiers.
Sy eet die kos met 'n **mes** en 'n **vurk**.

**Woordeboek**

| | | |
|---|---|---|
| **bord:** plate | **eiers:** eggs | **hou van:** like |
| **lepel:** spoon | **melk:** milk | **mes:** knife |
| **ontbyt:** breakfast | **pap:** porridge | **skep:** serve up |
| **sout:** salt | **spek:** bacon | **suiker:** sugar |
| **vurk:** fork | | |

GEDIG 2

**VERJAARSDAG** — **ANELL DE BEER**

(Vir 'n Spesiale verjaardagseun.)

1. Op 'n mens se verjaarsdag,
Wil mens net speel en lag.
Mens onthou dae van lank terug toe ons nog klein was,
Soos toe jy op die stoel moet staan in die klas.

2. Dis snaaks hoe tyd verbygegaan het,
En as mens terug dink was als net pret.
Dit voel soos gister toe ons met sakkies vol sweeties
rondhardloop,
En ma net die mooiste en grootste X-Box moes koop.

3. Nou het dinge vinnig verander,
Soos 'n branderplankryer op 'n brander.
Die een oomblik dink hy, hy beheer die surfbord,
Die volgende oomblik lê hy op die grond.

4. Ek bid dat God jou in sy liefde sal toedraai,
Dat net jou hare in die wind sal waai.
Mag Hy jou bewoed en bewaar hierdie jaar,
Dat al jou swottings goed sal vaar.

5. Nou is jy groot en volwasse,
En kom jy uit by al jou klasse.
Geniet dan elke oomblik van nou af,
Geniet jouself en vat die dag af.

BAIE GELUK MET JOU VERJAARSDAG!
Ek hoop jy geniet jou verjaarsdag.
Hartlik geluk met hierdie verjaarsdag!
Veels geluk omdat jy verjaar.
Jy verjaar. Baie geluk!
Mag dit 'n gelukkige verjaarsdag wees!












## Woordeskat binne konteks en Gebruik van Persoonlike Woordeboek

Leer die volgende woorde en verbreed jou woordeskat.

Skryf daarna al die nuwe woordeskat wat jy geleer het in jou **Persoonlike Woordeboek** neer.

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| verjaarsdag | birthday |
| 'n mens | a person |
| speel | play |
| spel/spele | game |
| speletjie | game |
| speller | player |
| lag | laugh |
| laggend/laggende | laughing |
| onthou | remember |
| dag/dae | days |
| nag/nagte | evenings |
| terug | back |
| keer terug | go back |
| lank terug | long time ago |
| toe ons nog klein was | when we were young |
| stoel | chair |
| stoeltjie | little chair |
| staan | stand |
| staande | standing |
| snaaks | funny |
| verbygaan/verbygegaan | passing by |
| hoe tyd verbygegaan het | time passed |
| spesiaal/spesiale | special |
| alles/als | everything |
| bewoed en bewaar | protect and keep |
| bewaring | protection |
| pret | fun |
| prettig/prettige | fun |
| pretvol/pretvolle | fun |
| soos | like |
| swot/studeer | study |
| swottings/studies | studies |
| geniet | enjoy |
| genotvol/genotvolle | enjoying |

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| voel | feel |
| gister | yesterday |
| sak/sakke | bag/s |
| sakkie/sakkies | little bag/s |
| "sweeties"/lekkers | sweets |
| rondhardloop | running around |
| koop | buy |
| koper | buyer |
| verkoop | sell |
| verkoper | seller |
| te koop | for sale |
| branderplank | surfboard |
| branderplankryer | surfer |
| brander/branders | waves |
| golf/golwe | waves |
| oomblik | moment |
| lê | lie down |
| bid | pray |
| bid tot God | pray to God |
| gebed | prayer |
| gebede | prayers |
| lief | to love |
| liefde | love |
| geliefde | beloved/loved one |
| beskerm | protect |
| beskerming | protective |
| grond | ground |
| nou | now |
| God sal jou in sy liefde toedraai | encompass you with love |
| jy sal goed vaar | you will do well |
| volwasse | grown up |
| volwassene | adult |
| vat die dag af | take the day off |
| van nou af | from now on |

**VRAE:**

1. Wat is die titel van hierdie gedig?
2. Wie is die digter/es van hierdie gedig?
3. Vir wie is die gedig geskryf?
4. Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
5. Uit hoeveel versreëls bestaan elke strofe? Hoe noem ons sulke strofes?
6. Hoeveel sinne is daar in elke strofe?
7. Wat is die rymskema in strofe 1?

17. Volgens strofe 7 word die verteller hulle <u>nie toegelaat</u> om lekker, plesierige dinge te doen nie.
Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE wat bewys dat hierdie stelling WAAR is.
18. Hoekom, volgens strofe 8, wil die verteller so graag 'n mamma en 'n pappa hê?
19. Hoe 'n soort Kerfees wil die verteller hê?
20. Wat het jy uit hierdie gedig geleer?
21. Wat is jou grootste wens vir Kersfees?
22. Pas die Sinoniem in Kolom B met die woord in Kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 22.1 "wens" | A. hê |
| 22.2 "naar" | B. vaal |
| 22.3 "besit" | C. wreed |
| 22.4 "grys" | D. hoop/begeerte |
| 22.5 "smart" | E. praat |
| 22.6 "wegkom" | F. verdriet |
| 22.7 "smag" | G. verlang |
| 22.8 "gesels" | H. ontsnap |

**Aktiwiteit 28**



Kyk na die prentjie. Beantwoord die vrae in die **ontkenning**.

1. Is die hond klein? Nee, die hond is nie …
2. Is daar **iemand** by die hond? Nee, daar is …
3. Is daar **iets** in die hond se bek? Nee, …
4. Sal die hond **ooit** kan lees? Nee, …
5. Slaap die hond? Nee, …
6. Is daar **êrens** 'n boom? Nee, …

## Afkortings en akronieme

Leer die volgende afkortings en akronieme.

### Afkortings




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| bl. | bladsy | Ma. | Maandag | | |
| dr. | dokter of doktor | Di. | Dinsdag | | |
| gr. | graad | Wo. | Woensdag | | |
| hfst. | hoofstuk | Do. | Donderdag | g | gram |
| mej. | mejuffrou | Vr. | Vrydag | mg | milligram |
| mev. | mevrou | Sa. | Saterdag | m | meter |
| mnr. | meneer | So. | Sondag | cm | sentimeter |
| me. | titel vir 'n vroulike persoon | Jan. | Januarie | km | kilometer |
| nr. of no. | nommer | Feb. | Februarie | ℓ | liter |
| rek. | rekening | Mrt. | Maart | ml | milliliter |
| str. | straat | Apr. | April | km/h | kilometer per uur |

### Akronieme




Die afkorting lees soos 'n woord.

| | |
|---|---|
| SANLAM of Sanlam | **S**uid-**A**frikaanse **N**asionale **L**ewensassuransie **M**aatskappy |
| UNISA of Unisa | **Uni**versiteit van **S**uid-**A**frika |
| ESKOM of Eskom | **E**lektrisiteitsvoorsienings**kom**missie |
| ESSA of Essa | **E**ngels**s**prekende **S**uid-**A**frikaner |

## Leenwoorde in Afrikaans




| **Maleise woorde** | |
|---|---|
| **baie**: | *a lot of, many* |
| **baklei**: | *to fight* |
| **blatjang**: | *chutney* |
| **piering**: | *saucer* |
| **piesang**: | *banana* |



| **Portugese woorde** | |
|---|---|
| **bredie**: | *stew* |
| **kraal**: | *pen, corral, kraal* |
| **sambok**: | *sjambok, horsewhip* |
| **sambreel**: | *umbrella* |
| **tronk**: | *jail* |



| **Khoi-woorde** | |
|---|---|
| **abba**: | *carry piggyback* |
| **aitsa**: | *(An exclamation: look at that!)* |
| **eina**: | *(An exclamation: ouch!)* |
| **karos**: | *skin rug, skin cloak* |
| **kierie**: | *walking-stick* |



**Woorde uit seemans- en handelstaal**

*(the language that the sailors and traders on ships used in 1652–1700)*

| | |
|---|---|
| **kombers**: | *blanket* |
| **kombuis**: | *kitchen* |
| **kooi**: | *bed* |
| **spens**: | *pantry* |

| **Woorde uit Afrikatale** | |
|---|---|
| **aikôna**: | *no, not at all* |
| **donga**: | *gully, donga* |
| **mamba**: | *mamba (a specific snake)* |
| **sjongololo**: | *millipede* |
| **tjaila**: | *to go home after work* |





| **Engelse woorde** | |
|---|---|
| **garage**: | motorhawe, motorhuis |
| **stress**: | druk en spanning, stres |
| **stunning**: | puik, fantasties |
| **worry**: | bekommer |
| **steak**: | 'n dik stuk beesvleis |
| **jeans**: | 'n denimbroek |



Dit lyk my 'n mens moet voorsetsels maar uit jou kop leer! Die volgende voorsetsels word dikwels gebruik. Leer hulle!

| | |
|---|---|
| luister **na** | Die kinders luister **na** musiek. |
| soek **na** | Hy soek **na** sy pen wat hy verloor het. |
| kyk **na** | Die toeskouers kyk **na** die wedstryd. |
| praat **met** | Die skeidsregter praat **met** die kaptein van die span. |
| skryf **met** | Ek skryf **met** 'n pen. |
| gelukwens **met** | Sy wens my geluk **met** my verjaardag. |
| hou **van** | Ek hou **van** wiskunde. |
| trots **op** | Die hoof is trots **op** die leerders wat so hard werk. |
| jaloers **op** | Die seun is jaloers **op** sy broer wat so goed kan tennis speel. |
| lief **vir** | Die ouers is lief **vir** hulle kinders. |
| bang **vir** | Is jy ook bang **vir** spinnekoppe? |
| kwaad **vir** | Hoekom is jy kwaad **vir** my? |
| bly **by** | Ek bly **by** my ouers. |
| kuier **by** | Ek kuier **by** my ouma. |
| **te** voet | Hulle loop **te** voet skool toe. |
| **per** trein/taxi/motor/fiets | Hulle ry **per** trein stad toe. |
| **oor** 'n week | Ons skryf **oor** 'n week eksamen. |
| **om** vyfuur | Ek sal jou **om** vyfuur by die skool kom haal. |
| **per** ongeluk | Die glas het **per** ongeluk uit haar hand geval en gebreek. |




| Sinne met twee voorsetsels |
|---|
| Die padda spring **by** die huis **in**. |
| Die man loop **by** die deur **uit**. |
| Die vrou kyk **by** die venster **uit**. |
| Die motor ry **in** die straat **af**. |
| Die trein vertrek **van** die stasie **af**. |

| Vaste uitdrukkings | Afkortings |
|---|---|
| **in** plaas **van** | i.p.v. |
| **deur** middel **van** | d.m.v. |
| **in** verband **met** | i.v.m. |
| **as** gevolg **van** | a.g.v. |
| **ten** opsigte **van** | t.o.v. |

**Aktiwiteit 21**

Vul die regte **voorsetsel** in. Kies 'n woord in die blokkie.

te by per in om oor na
by aan van by van uit

1. Sello gaan vandag _____ sy vriendin kuier.
2. Hy ry _____ trein Polokwane toe.
3. Hy stap _____ voet stasie toe.
4. Die stasie is _____ die linkerkant _____ die pad.
5. Die trein vertrek nie nou nie; dit vertrek eers _____ 'n rukkie.
6. Sello klim _____ die trein _____.
7. Hy loer _____ die venster _____.
8. Hy luister _____ die aankondigings.
9. Die trein sal _____ tienuur vertrek.
10. Hy hou baie _____ treinry.



## Voegwoorde

As jy sinne langer wil maak, verbind jy hulle met **voegwoorde** soos **en**, **want**, **daarom**, **omdat**. Kyk hoe dié sinne lyk as ons hulle verbind.

**Verbind met voegwoorde**

Ek drink water. Ek (is) dors (want)
Ek drink water, **want** ek (is) dors.

Die woordorde van sin twee bly *dieselfde*. Daar is 'n komma (,) voor **want**.

Ek is dors. Ek (drink) water. (daarom)
Ek is dors, **daarom** (drink) ek water.

Die werkwoord kom *direk na* die voegwoord **daarom**.

Ek drink water. Ek (is) dors. (omdat)
Ek drink water **omdat** ek dors (is).

Na **omdat** gaan die werkwoord *na die einde* van die sin toe.

## VERKLEINWOORDE

| | |
|---|---|
| • Kort vokale + k, p, g en s | tas – tassie, brug – bruggie, pop – poppie, nek – nekkie |
| • Kort vokaal + n | pan- pannetjie, ken – kennetjie, son – sonnetjie |
| • Dubbele vokale | teef – tefie, spook – spokie, skaap – skapie |
| • Twee of meer lettergrepe/dubbele vokale + r | suster – sustertjie, vragmotortjie, venster – venstertjie, boer - boertjie |
| • Woorde wat op t eindig | mat – matjie, present – presentjie, skoot – skootjie |
| • Lang vokaal + n | toon - toontjie, skoen – skoentjie, foon – foontjie |
| • Kort vokaal + l | tol – tolletjie, bal – balletjie |
| • Dubbele vokale en konsonante | agurk – agurkie, koek – koekie, neus - neusie |
| • 'n Woord wat op d eindig | hond – hondjie, lood – loodjie, hoed - hoedjie |
| • Kort vokaal + m | blom – blommetjie, som - sommetjie |
| • Twee lettergrepe of dubbele vokale + l | rafel – rafeltjie, katel – kateltjie, stoel - stoeltjie |
| •-ing, -ang, -ong woorde wat uit een lettergreep bestaan | kring – kringetjie, tang – tangetjie, long - longetjie |
| • Kort vokaal + r | kar – karretjie, ster – sterretjie |
| • Lang vokaal, dubbel konsonant, twee of meer lettergrepe + m | stroom – stroompie, besem – besempie, arm – armpie |
| • Twee of drie lettergrepe + ing | koning – koninkie, heining - heininkie |
| • Woorde wat op ie eindig | sussie – sussietjie, mandjie - mandjietjie |
| • Woorde wat op o, i, u en beklemtoonde a eindig | ma'tjie, foto'tjie, safari'tjie, balju – balju'tjie |
| • Meervoude | rakke – rakkies, bome – boompies |
| • Uitsonderings | gat – gaatjie, blad – blaadjie, pad – paadjie, spel - speletjie |





## TRAPPE VAN VERGELYKING

| | Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|---|
| • Kort vokaal | • smal | • smaller | • smalste |
| • Twee vokale | • skoon | • skoner | • skoonste |
| • Dubbel vokale of konsonante | • vuil | • vuiler | • vuilste |
| • Lang vokale + *g* | • hoog<br>• laag<br>• leeg<br>• vroeg<br>• moeg<br>• droog | • hoër<br>• laer<br>• leër<br>• vroeër<br>• moeër<br>• droër | • hoogste<br>• laagste<br>• leegste<br>• vroegste<br>• moegste<br>• droogste |
| • Lang vokaal + *d* | • koud<br>• kwaad<br>• breed | • kouer<br>• kwater<br>• breër | • koudste<br>• kwaadste<br>• breedste |
| • Woorde wat op 'n *r* eindig | • ver<br>• lekker<br>• duur | • verder<br>• lekkerder<br>• duurder | • verste<br>• lekkerste<br>• duurste |
| • woorde wat op *s* eindig | • voos<br>• fluks<br>• los | • voser<br>• flukser<br>• losser | • voosste<br>• fluksste<br>• losste |
| • woorde wat op *ig* eindig | • vinnig<br>• stadig | • vinniger<br>• stadiger | • vinnigste<br>• stadigste |
| • woorde wat op 'n lang vokaal eindig | • rooi<br>• gou | • rooier<br>• gouer | • rooiste<br>• gouste |
| • kort vokaal + *f* | • grof | • growwer | • grofste |
| • lang vokaal of konsonant + *f* | • lief<br>• styf<br>• skurf | • liewer<br>• stywer<br>• skurwer | • liefste<br>• styfste<br>• skurfste |
| • woord eindig in *u* | • slu | • sluwer | • sluuste |
| • woord eindig in *–e/-de* | • tevrede | • meer tevrede | • mees tevrede |
| • uitsonderings | • baie<br>• bietjie<br>• goed<br>• jonk<br>• lank<br>• nuut<br>• selde | • meer<br>• minder<br>• beter<br>• jonger<br>• langer<br>• nuwer<br>• minder | • die meeste<br>• die minste<br>• die beste<br>• die jongste<br>• die langste<br>• die nuutste<br>• die minste |

# 14.





# Misdaad en geweld





| WOORD | BETEKENIS | WOORD | BETEKENIS | WOORD | BETEKENIS |
|---|---|---|---|---|---|
| misdaad | *crime* | geweld | *violence* | diefstal | *theft* |
| dief | *thief* | steel | *steal* | roof | *robbery* |
| rowers | *robbers* | inbraak | *burglary* | inbreek | *break in* |
| inbreker | *burglar* | diefalarm | *burglar* | misdadiger | *criminal* |
| koeël | *bullet* | | *alarm* | wapen | *weapon* |
| kaping | *hijacking* | kaap | *hijack* | skaak | *kidnap* |
| skaking | *kidnapping* | moord | *murder* | moordenaar | *murderer* |
| vermoor | *murder* | selfmoord | *suicide* | verkrag | *rape* |
| verkragting | *rape* | verkragter | *rapist* | losprys | *ransom* |
| gyselaar | *hostage* | aanrand | *assault* | aanval | *attack* |
| aanrander | *assaulter* | martel | *torture* | litteken/letsel | *scar* |
| rewolwer | *revolver* | pistool | *pistol* | | |
| boei | *handcuff* | pleeg | *commit* | tronk | *jail* |
| sel | *cell* | gevangene | *prisoner* | speurder | *detective* |
| polisie | *police* | hof | *court* | regter | *judge* |
| prokureur | *lawyer* | wet | *law* | verhoor | *trial* |
| getuie | *witness* | verdedig | *defend* | leidrade | *clues* |
| in hegtenis neem | | | *to take into custody* | | |
| moord, diefstal, ens. pleeg | | | *to commit murder* | | |
| agter slot en grendel | | | *behind bars* | | |
| getuienis aflê | | | *testify* | | |
| uitspraak lewer | | | *give the verdict* | | |
| belonging | | | *reward* | | |
| hande in die lug | | | *hands up* | | |



# Misdaad



A. DOEN DIE CLOSE-OEFENING.

In die huis is 'n 1. m______ 2. ge______ en daarom 3. s______r die polisie die 4. m______ (crime scene) af. Die 5. s______ ondersoek die saak en kyk vir 6. l____ en neem 7. ______ wat hulle 8. ______ die ondersoek kan help. Die 9. s____ (victim) is 'n jong vrou. Dis 'n 10. (wreed) __ daad. Hulle vermoed die twee kinders is 11. o______ en dat die 12. s______ 'n 13. l__ van die pa gaan eis. Die 14. (moord) ______ sal in 15. h________geneem word. Hulle sal op 16. a____ van moord in die 17. h___ moet verskyn. Die 18. r____ kan hulle 'n 19. (lewe + lank) ___ vonnis 20. o______.

B. SKRYF DIE SINNE OOR SOOS AANGEDUI. (TYE)



1. Diewe het al die geld en juwele gesteel. (Gister)
2. Die skakers ontvoer die seuntjie. ('n Week gelede)
3. Hulle sal 'n losprys van die ouers eis. (Môre)
4. Sy het die polisie in kennis gestel. (Binnekort)
5. Ek het die alarm gestel. (Nou)
6. Hy het sy rewolwer vinnig uitgepluk. (Op daardie oomblik)
7. Die speurder moet die saak deeglik ondersoek. (Gedurende die volgende paar dae)
8. Die inbrekers slaan die vensterruite met bakstene stukkend. (Eergister)
9. Hulle het nie dadelik die kluis met die geld gevind nie. (Teenwoordige tyd)
10. Die koerant sal more alles oor die verkragting publiseer. (Gister)
11. Die polisie sal nie die misdadigers duld nie. (Deesdae)
12. Die seuns betrap die dief in die huis. ('n Week gelede)
13. Die ooggetuie beskryf die aanranding. (Verlede tyd)
14. Die motordief steel die motor uit die garage. (Eergister)
15. Hy het die slot stadig oopgebreek. (Die slot)



C. VERBIND DIE VOLGENDE SINNE. GEBRUIK DIE VOEGWOORDE TUSSEN HAKIES.



1. Die rowers het by die huis ingebreek. Hulle het 'n jong vrou doodgeskiet. (en)
2. Die vrou kon haarself nie verdedig nie. Hulle het haar onverwags oorval. (omdat)

E. **DOEN DIE ONDERSTAANDE SINNE. BEGIN MET: Nee,**

1. Was jy al in die dieretuin?
2. Het jy al ooit 'n leeu gesien?
3. Het jy nog van daardie foto's wat ons in die wildtuin geneem het?
4. Daar is baie wild in die wildtuin.
5. Iemand het die olifant geskiet en sy tande uitgesny.
6. Daar is nog steeds wildstropers wat diere in die wildtuin skiet.
7. Het jy alreeds jou plek in die wildtuin bespreek?
8. Almal hou van 'n vakansie in die natuur.
9. Daar is êrens 'n goeie boek oor voëls in my boekrak.
10. Geniet jy dit altyd in die natuur?

F. **DOEN DIE SINNE EN BEGIN MET DIE WOORDE TUSSEN HAKIES.**

1. Ons vertrek met vakansie na die wildtuin. (Oor 'n rukkie)
2. Hulle hoor die olifant in die bos trompetter. (Gister)
3. Hulle sit en kyk om die diere te sien. (Daardie dag)
4. Hy het met sy verkyker na die diere wat water gedrink het, gekyk. (Nou)
5. Daar was baie vlakvarke by die rivier. (Môre)
6. Die sebras en die wildebeest wei saam. (Daardie dag)
7. Die leeuwyfie probeer die rooibokkie vang. (Daardie aand)
8. Ek het 'n pragtige skildery van 'n renoster wat tussen die bosse staan. (Daardie tyd)
9. Die seekoeie sal mense wat dit te naby hulle waag, aanval. (Daardie dag)
10. Die wildtuine is altyd vol bespreek. (Volgende maand)

G. **VRA DIE VRAE WAAROP DIE ONDERSTREEPTE DEEL DIE ANTWOORD IS.**

1. Die vrou neem 'n foto <u>met die kamera.</u>
2. Die diere staan <u>onder die bome</u> as dit baie warm is.
3. Die olifant word <u>deur die veearts</u> verdoof.
4. <u>Die wildbewaarder</u> dra 'n geweer op hulle uitstappies.
5. Jy mag nie <u>'n wapen</u> in die wildtuin by jou dra nie.
6. Hy loop saam <u>met die wildbewaarder</u> na die kantoor.
7. Hulle ondervind baie probleme <u>met die wilddiewe.</u>
8. Die hekke maak <u>sesuur</u> in die somer oop.
9. Hy kom <u>van Gauteng af.</u>
10. Ons gaan volgende week terug <u>KwaZulu-Natal toe.</u>



# 13. REIS



## VLIEG

vliegtuig/aeroplane
bespreek/book
lugwaardin/airhostess
lughawe/airport
bagasie/luggage
stuurkajuit/cockpit
weeg/weigh
sitplek/seat
opstyg/take off
aankoms/arrival
sitplekgordel/seatbelt
aankondig/announce
aanloopbaan/runway
helicopter/helicopter
loods/pilot
kaartjie/ticket
vlieënier/pilot
paspoort/passport
inboek/book in
skaal/scale
gewig/weight
land/land
vertrek/depart / departure



## TREIN

moltrein/tube
treindrywer/train driver
stasie/station
spoorweg/railway
treinspore/railway (lines)
kondukteur/conductor
treinwa/carriage
kompartement/compartment
koepee/coupe
eetsalon/dining saloon
perron/platform/platform
fluit/whistle
goederetrein/goods train
kruier/porter



## SEEVAART

skip: skepe/ship(s)
kaptein/captain
boeg/bow
dek/deck
patryspoort/porthole
hawe/harbour
seiljag/yacht
sleepboot/tug(boat)
vuurtoring/lighthouse
kajuit/cabin
bemanning/crew
anker/anchor
bakboord/port
stuurboord/starboard
vaar/sail
veerboot/ferry



## BUS

bushalte/bus stop
busbestuurder/bus driver
buskaartjie/bus ticket
haal die bus/catch the bus
verpas die bus/miss the bus
bagasierak/rack
busterminus/terminal
nooduitgang/emergency exit

## MOTOR

stuurwiel/steering wheel
noodwiel/spare wheel
bagasiebak,kattebak/boot
ruitveërs/windscreen wipers
truspieëltjie/rear-view mirror
remme/brakes
koppelaar/clutch
ratte/gears



## ANDER





fiets/bicycle
motorfiets/motorbike
slee/sleigh
handvatsels/handles
te perd/on horseback





## GEDIG 1

**SKOOLSIEK** — **LINDA FOURIE**

Vandag gaan ek nie skool toe nie
vandag bly ek net lê.
Ek gee nie om wát julle dink
of wat die bure sê.

Die wekker kan maar lui en lui,
die voëltjies kan maar fluit,
julle kan maar roep en roep,
maar vandag gaan ek nie uit.

My breffis kan maar koud raak,
gee die eier terug vir die hen.
Vandag doen ek geen skooltaak –
dis vakansie vir my pen.

Kom skud maar my bed,
kom kielie my voete,
roep die polisie
of gee my 'n boete.

Twee emmers water gegooi op my kop,
die brullende leeus kry my nie nou op,
ook nie roomys of drie stukke koek,
ook nie sirenes of drieduisend kore,
want my tong slaap vas soos my ore.

My bed is so warm, my kussing so sag,
vandag is die dag waarvoor ek lankal wag.
Sal iemand nou luister na wat el wil sê:
EK GAAN NIE SKOOL TOE NIE!!!

### Woordeskat binne konteks en Gebruik van Persoonlike Woordeboek

Slaan jou woordeboek na en vind die Engelse betekenisse van die volgende woorde/frases.
Skryf hulle in die onderstaande tabel neer.
Skryf daarna al die nuwe woordeskat wat jy geleer het in jou **Persoonlike Woordeboek** neer:

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| vandag | |
| gister | |
| môre | |
| wekker | |
| skooltaak | |
| skooltas | |
| boete | |
| eier | |
| lê | |

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| voëltjies | |
| fluit | |
| roep | |
| gee dit terug | |
| skud | |
| kielie | |
| kielie my voete | |
| bure | |
| rolek gaan uit | |



| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| gee nie om nie | |
| buurman | |
| emmers | |
| brullende leeus | |
| drie stukke koek | |
| sirene/sirenes | |
| drieduisend | |
| ore | |
| waarvoor | |
| wag | |
| kussing | |

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| ontbyt/oggendete | |
| kan maar koud raak | |
| gooi | |
| gegooi | |
| roomys | |
| koor/kore | |
| tong | |
| soos | |
| luister | |
| iemand | |
| lankal | |

**VRAE:**

1. Wat is die titel van hierdie gedig?
2. Wie is die digter van hierdie gedig?
3. Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
4. Uit hoeveel versreëls bestaan strofe 1?
5. Watter soort verteller is daar in hierdie gedig? Hoe weet jy dit?
6. Haal 'n WOORD uit strofe 1 wat aandui dat die verteller die hele dag in die bed gaan wees.
7. Hoe weet jy dat die verteller nie bekommerd is oor haar aksies nie?
8. Na wie, dink jy, verwys die woord "julle" in die gedig?
9. Verwys na strofe 2. Die verteller sal nie die wekker afsit nie. Haal DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan wat bewys dat hierdie stelling WAAR is.
10. Verwys na strofe 3.
    10.1. Wat is die rymskema van dié strofe?
    10.2. Wat is die rympatroon van dié strofe?
    10.3. Skryf "breffis" in Standaard Afrikaans.
11. Hoe bedoel die verteller dat "dis vakansie vir my pen"?.
12. Verwys na strofe 4.
    12.1 Noem TWEE dinge wat die mense kan doen om die verteller uit die bed te kry.
    12.2 Wie gee gewoonlik vir mense boetes?
13. Som strofe 5 in jou eie woorde op.
14. Verwys na die slotstrofe.
    14.1 Hoekom, dink jy, wil die verteller nie wakker word nie?
    14.2 Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui dat die verteller baie na hierdie dag uitgesien het.
    14.3 Noem TWEE maniere hoe die verteller beklemtoon dat sy nie skool toe gaan nie.
15. Het jy ooit soos die verteller gevoel? Verduidelik.

TWEEDE ADDISIONELE TAAL
MONDELING 2008

## LEES: ONVOORBEREIDE HARDOPLEES

**TEKS 1**

**HOEKOM GEBRUIK TIENERS DWELMS**
*(Uit: Nuwe Afrikaans is Maklik Graad 10)*

*Hoekom gebruik tieners dwelms?*

Daar is nie 'n spesifieke rede nie. Baie tieners is net nuuskierig of hulle doen wat hulle vriende doen. Ander hou daarvan om te waag. Party is verveeld of depressief. Hulle dink dit sal help vir hulle probleme. ONTHOU TOG: Die meeste tieners gebruik nie dwelms nie.

LUCY SE STORIE: Lucy van Kaapstad het saam met haar ma en stiefpa Rob gebly. Rob het sy werk verloor en begin drink. Toe het Lucy se ma begin dwelms verkoop. Sy het ook vir Lucy dwelms gegee. Lucy sê: "Ek het dwelms soos Ecstasy en Acid gebruik. Die Ecstacy het my op 'n high gesit. Toe begin die dwelms my lewe verwoes. Ek het begin maer word. Dit het gevoel of insekte oor my bene loop. Ek het slange voor my oë gesien. Ek het begin bewe en ruk. Ek het geskreeu, maar die insekte het al hoe meer geword. Ek het besef ek het 'n groot probleem. Ek was vreeslik bang maar ek het gaan hulp soek. Ek het iemand gevra om my na Phoenix Huis te neem. Ek is nou al ses weke hier. Ek word al hoe beter.
Dis nooit te laat om nuut te begin nie. Jy lewe net eenmaal. As jy dwelms gebruik of van iemand weet wat dit doen, kry hulp!"

Phoenix Huis is 'n nie-winsgewende organisasie vir die behandeling en voorkoming van dwelms en ander middele. Jy kan hulle kontak by (011) 726 4210/1.

Vrae:

1. Gee 'n paar redes volgens die teks waarom tieners dwelms gebruik.
2. By wie het Lucy dwelms gekry?
3. Noem twee dwelms wat Lucy misbruik het.
4. Noem 'n paar dinge wat met Lucy gebeur het na Lucy se dwelmgebruik.





LANG SKRYFSTUK I

SKRYF 'N OPSTEL VAN ¾ TOT ~~1 bladsy~~ oor EEN van die onderwerpe A, B, C. GEE JOU OPSTEL 'N TITEL.

Kyk na die onderstaande reeks prentjies en vertel wat gebeur het.

(A)



(20)

.../ AFDELING B